WEEK 24 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

KURSUSSE / WERKSWINKELS / KONFERENSIES

Shepherd VBO Werkswinkels: Klik **hier** vir die volledige inligtingsdokument.

VBO geleentheid: TIRA-SA (Traumatic Incident Reduction Association - SA), rig 'n uitnodiging aan alle belangstellendes om die volgende **simposium** by te woon: Dit handel oor, ***Understanding Trauma - The world through the eys of a traumatized child*** en vind op **27 en 28 Augustus 2018** by die NG Gemeente Elarduspark, in Pretoria plaas - klik **hier** vir volledige besonderhede, asook die program.

TIRA-SA
Creating patches of normality

'n Kinderkonferensie aangebied deur Kix en die Jeugkantoor van Communitas (Wes-Kaap): Vir **meer inligting** (program en die inskrywingsvorm), **klik asseblief op die biljet**.

Die fokus van dié Kinderkonferensie is om almal wat met kinders werk op hoogte te bring met die globale, Suid-Afrikaanse- en kerklike tendense wat ons werk met kinders beïnvloed. Luister na kundige sprekers wat oor die toekoms, die kind se wêreld in skole, kinders se binnewêreld en die impak van tegnologie op 'n kind, gaan gesels. Ontmoet en netwerk met ander leiers in die veld van kinderbediening. Kry praktiese toerusting in 'n wye verskeidenheid relevante en eietydse werkswinkels. Word hier toegerus met kennis, vaardighede, hulpmiddels en hope inspirasie!

Registrasie en die aanstuur van die bewys van betaling vir hierdie geleentheid sluit op Woensdag 5 September 2018.

Multitracks Brandhout

Bedieningsbegeleiding se Netwerk vir Erediens, bied die volgende geleentheid aan: Musiekbedieningskursus: Bybel-Media - Brandhout Multitracks:

Die kursus word op **20 September 2018 in Bloemfontein**, deur ds Faani Engelbrecht (in samewerking met Bybel-Media se kantoor vir kerkmusiek), **aangebied.**

Wie sal hierby baat vind?

- Enige predikant of musiekleier wat al ooit gesukkel het om 'n musiekbedieningspan op die been te bring.
- Gemeentes wat glad nie 'n musiekbediening het nie, wat graag Liedboek en Flam-liedere wil sing en aangewese is op *backtracks*.

Kry gerus al die inligting, asook die inskrywingsvorm **hier** **(inskrywings en betalings sluit op Donderdag 13 September 2018 - daar is slegs spasie vir 15 rekenaars per sessie) - voorkeur sal gegee word aan die gemeentes wat eerste bespreek en 'n betaling maak.**

Lentekonferensie 2018 - Uitnodiging:

Die jaarlikse Lentekonferensie word vanaf 18 tot 20 September 2018 gehou met die tema, ***Die toekoms waarvoor ons bid en werk***. **Vanjaar word die brosjure nie soos in die verlede per landpos aan predikante gestuur nie, maar slegs elektronies.** Besoek gerus *Excelsus* se webblad **hier**, die brosjure met die program is **hier** beskikbaar. Inskrywings kan ook elektronies vanaf die webblad gedoen word, klik **hier**.

Brugbedieningskursus: 'n Premierkursus, aangebied deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria. Hierdie kursus word op twee geleenthede aangebied, die **week van 20 - 23 Augustus 2018** en **5 - 8 November 2018**. Die kursusleier by dié geleenthede is prof Malan Nel. Koste beloop R2 200 (BTW ingesluit) en sal by die UP aangebied word, 70 VBO-punte kan vir die bywoning daarvan, verdien word. **Die doel hiervan:** Wanneer 'n predikant 'n gemeente verlaat, laat dit so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om Brugpredikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgangsperiode en tot voordeel van die gemeente. Belangstellendes kan vir Hesmarie Bosman kontak op 012 420 4952.

KURSUS OM AS SPIRITUELE BEGELEIER OPGELEI TE WORD:

Die kursus word in sewe blokke van drie dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Dit sal meestal by NG Stellastraat-gemeente in Brooklyn, Pretoria en gedeeltelik by die Origins Retreatsentrum naby Rustenburg aangebied word. Dit val onder toesig van die Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met *Excelsus* van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan **150 VBO-punte verdien** - daar is sewe aanbieders betrokke en volgende jaar se kursus sal die tiende een wees. **Aansoeke sluit op Sondag 30 September 2018 en die kursus begin op Sondag 17 Februarie 2019.** Klik **hier** vir volledige inligting, of kontak vir dr Willem Nicol by **wnicol@mweb.co.za,** of 083 966 7831.

GEMEENTE NUUS

NG Frankfort:

Gemeentefees op Saterdag 1 September 2018 en op die **2de word ook 'n spitbraai-ete aangebied** - **klik op biljet links** vir groter weergawe met al die **inligting, asook die inskrywingsvorm** vir 'n kleurvolle fotokompetisie.

NG Hospitaalpark hou Karnaval: Kom geniet 'n heerlike Karnaval met smake vanuit die hele wêreld op **Saterdag 1 September 2018 vanaf 08:30** by dié gemeente, geleë te Mayostraat 53, Hospitaalpark, Bloemfontein.

Baba-vlotparade: Vanjaar hou hulle vir die tweede keer 'n vlotparade vir kinders van 0-6 jaar. Oupa en Ouma kan kom spog met hulle kleinkind en handewerk. Bou solank 'n vlot vir jou kind/kleinkind, of maak die stootkarretjie mooi op. Die **parade vind om 10:00 plaas** - pryse te wen: 1ste plek R500, 2de plek R200 en 3de plek R100.

Daar sal lekker speletjies en vermaak vir die kinders wees en die volgende lekkertes gaan te koop en te besigtig wees: Pannekoek, sosaties en wors, poeding, lekkergoed, kerrie en rys, vetkoek, skyfies (slap *chips*) en russiese worsies, pizza's en groente, asook handgemaakte artikels, 'n koektafel, teetuin, tuisnywerheid, kwekery en die gewilde wit olifanttafel!

NG Hugenoot bied aan:

NG Parys-Suid: ***Let wel: Basaar word by die NG Parys-Wes se kerksaal gehou***

NG Rouxville hou Gemeentefees:

Vir heerlike plattelandse gasvryheid, woon gerus hierdie geleentheid by wat op **Saterdag 1 September 2018** by die Vendusiekrale plaasvind - **ontbyt word reeds vanaf 07:30 bedien** en die **amptelike opening sal om 09:00** geskied. Kom koop en geniet die volgende saam met die lidmate:

Ontbyt: Vanaf 07:30
Middagete: Tjops, wors, sosaties en slaai
Teetuin heeldag oop.
Te koop: Grootkoeke, kleinkoekies, pannekoek, koeksisters, pragtige handwerk, vetkoek en basaarpoeding. Kom kry lekker winskopies by die **Wit Olifanttafel**

Kinderprogram:
Gesigverf deur GOGGA
en vele meer
Heerlike **VLEIS** teen bekostigbare pryse
Motorfietsitems

NG Jacobsdal bied aan: